

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 50**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# *Wegkruipplek. . . of Toevlugsoord?*

As kinders het ons dikwels wegkruipertjie gespeel. Die kuns in die kinderspel was dan om jou so goed as moontlik te versteek. Dit was dus belangrik om 'n goeie wegkruipplek te vind.

In tye van gevaar of nood het ons ons ook versteek en dan geweet waar om heen te gaan om gehelp te word. Dan was pa of ma of 'n ouer boetie of sussie vir ons 'n toevlugsoord.

Toe Adam en Eva vir God weggekruip het, was dit geen spel nie, maar 'n ernstige poging om sy Alsiende oog te ontwyk. Hulle "wegkruip" was 'n vlug van God af weg.

Alle vorme van sonde maak die mens sku. Hy raak sku vir God en sy medemens. So 'n mens soek 'n wegkruipplek. Dit beteken nie dat so 'n persoon iewers in die berge of bosse of donker klowe gaan wegkruip nie. Mense kruip vandag op verskillende maniere weg.

Agter die wegkruip-aksie sit daar vrees en angs. Die daad van wegkruip toon ook 'n bese doelbewustheid, byvoorbeeld die soek van jouself en jou eie eer. Daarom sê die Skrif ook: "Hy wat hom afskei, soek sy eie begeerte" —'n diep ongelukkige wese.

In die ontvlugting vanaf God is die mens 'n diep ongelukkige wese. In die gaan van God af weg, loop hy 'n afgrond tegemoet . . . al sou hy dit nie wil erken nie. Ten slotte kan niemand hom vir God verberg nie.

So lees ons in Ps. 139: "Waar sou ek heengaan van u gees en waarheen vlug van u aangesig? Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar. Neem ek die vleuels van die daeraad, gaan ek by die uiteinde van die see woon, ook daar sou u hand my lei en u regterhand my vashou. En as ek sê. Mag tog net die duisternis my oorval en die lig nag wees tot my beskutting, dan is selfs die duisternis vir U nie donker nie en die nag gee lig soos die dag, die duisternis is soos die lig."

So 'n wegkruipplek bied dus geen troos en sekerheid nie. Op een of ander tyd word ons ontdek.

<p><i>God is 'n toevlug in die nood; 'n Rots wat altyd vas by staan. (Ps. 46)</i></p>
-------------------------------------------------------------------------------------------

## **Modern.**

Ons moderne tyd ken ook die moderne maniere van ontvlugting. So vind mens die ontvlugters van God op die verskillende terreine van die lewe: in die kerk en buite die kerk, in die jeug en in die ouderdom, sowel mans as vroue.

So kruip die een weg deur die bestaan van God te ontken (ateïs). Die ander een skuil weg deur al sy heil te soek in die stoflike en sigbare dinge (materialis). Mense soek ontvlugting in bedwelming deur sterk drank of ander verslawingsmiddels (dagga, opium, morfien, ens.).

So vind ons ook andere wat in hulle daaglikse werk en ontspanning 'n wegkruipplek soek. Hierdie mense is gewoonweg eerbare wesens in die samelewing, maar vir God en sy diens het hulle net nie tyd oor nie. Die gejaagdheid in die gang van die lewe bied ook vir baie 'n wegkruipmoontlikheid. Daarom speel die woord **werksomstandighede** so 'n groot rol in ons tyd. Vir baie het dit 'n wegkruipplek geword.

Ons kan die voorbeelde vermenigvuldig. Ons kruip ook vir mekaar weg. In die sosiale lewe beweeg ons saam met mekaar, maar al te dikwels op die oppervlakte. Niemand mag 'n kykie

kry in ons siel nie. Ons is geslote boeke vir mekaar. Hieruit vloei ook baie senugevalle. Ons mense krop die dinge op. Die emosies van ons siel, bv. vrees, droefheid, blydskap en allerlei kommer kry geen uitlaatklep nie. Ons bars liewers voordat ons met 'n medemens praat. Hierdie lewenshouding bring ons ten slotte ook op 'n doodloopstraat. Die mens is nie geskape om vir mekaar weg te kruip nie.

### **Dit baat nie.**

Ons moet dus leer om te verstaan dat dit nie baat om weg te kruip nie; nie vir God nie, nie vir ons medemens nie en ook nie vir onself nie. Daarom sê die Skrif: "Bely mekaar julle misdade en vergewe mekaar, as die een teen die ander 'n klag het." Die Psalmdigter sê ook in Ps. 139: "Deurgrond my, o God en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg."

Hierdie wegkruiptaktiek moet by ons verander in toevlugneming. Ons moet in die eerste plek terug na God toe. God het Adam en Eva gesoek en hulle weer na Hom teruggebring. God wou die gemeenskap met Hom herstel.

### **Terug!**

God soek ons, omdat Hy ons liefhet in Jesus Christus. Hy wil vir ons 'n toevlugsoord wees en die wat by Hom skuil, hoef nie te vrees nie. Daarom vind ons ook in Ps. 91 die belydenis van die digter: "Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige." Verder ook die mooi. woorde: "Want U, HERE, is my toevlug. Die Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak." (vers 9).

Deur die sonde is ons lewe gedurig in bedreiging. Allerlei gevare omring ons. Van die meeste is ons nie eers bewus nie. Die Doopsformulier sê reeds van die skynbaar onskuldige kindjie: "Aan die verdoemenis onderworpe." En in die gebed word bely: "Hierdie lewe wat tog niks anders is as 'n gestadige dood **nie** . . ."

Vir die duiwel kan mens ook nie wegkruip nie. God het ons 'n skuilplek gegee waar Satan ons nie aandurf nie . . . dit is Hyself. Is u in 'n wegkruipplek, of is u by die toevlugsoord? Eersgenoemde is die voorportaal van die ewige verderf. Laasgenoemde waarborg geluk en ewige vreugde.

Met die lewe hier mag ons nie 'n spel speel nie. Kom uit die skuilhoeke van u hart en uit die wegkruipplekke van u lewe. Onthou, God soek u in sy liefde en Jesus vra opnuut aan u: "Waarheen is u op pad?"

As sondes die weg na God versper, sê dit vir die Here. Vra om vergiffenis en wandel dan op die weg van bekering. Onthou die woord uit Openbaring 3:20: "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou en hy met My."

**L. J. Buys.**

# *Gee die Here nog vir my om?*

Geagte vriend, jy worstel nou al so lank met hierdie gedagte. Gedurig vra jy maar in jou binneste: is ek nie al te ver heen nie? Sal die Here vir so iemand soos ek nog omgee? Nee wat, sê jy, die Here gee nie vir so iemand soos ek om nie . . . ek is so sleg, so treurig, so arm, so 'n sukkelaar . . . ek het in sulke diepe sondes geval. Ek het my lewe weggegooi; ek het te ver afgedwaal; ek lê op die ashoop . . . nee wat, die mense gee nie eers meer vir my om nie, hoe sal die Here nog vir my omgee?

Weet jy dat jy nie so ver weg is as wat jy dink nie? Hoor, die Here roep: "Kom na My toe **almal** wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee." Jy redeneer so, omdat jy moeg in jou siel en in jou gewete belas is. Jy is so naby die genade en die genade so naby jou.

Soek jy voorbeelde? Neem die Bybel en lees in Lukas 15 die gelykenis van die verlore seun. Dink aan die rower aan die kruis. Ek herrinner jou aan die gelykenis van die **Here** Jesus Christus aangaande die rykman en die arme Lasarus. Lees dit maar in Lukas 16.

Jy het tog so baie voorbeelde hoe die Here met sulke mense bemoeienis maak. Jy hoor in Joh. 8 hoe die Here spreek met 'n vrou wat owerspel gepleeg het. Die evangelie van Lukas laat ons in hoofstuk 7 hoor hoe Hy aan die sondares, wat aan sy voete ween, sondevergifnis skenk. 'n Baie slegte vrou mag van Hom hoor: "Ek het genade vir jou, gaan in vrede."

## **Ook vir jou.**

Met al die malende gedagtes in jou binneste het jy seker vergeet dat die Here sy apostels nie geroep het uit die hoë en vooraanstaande mense nie — nee, hulle was vissers en tollenaars! Hy het saam met die sondaars geeë en met diep gesonke mense verkeer. Jy kon ook saam met Hom aan daardie tafel gaan sit het. Hy sou jou nie daar weggestuur het nie.

'n Man soos Paulus sê: aan my, die vernaamste van alle sondaars, is barmhartigheid bewys. Jy kan ook maar daar langs Paulus gaan staan. Hy sal jou nie oor die hoof sien nie. As die hoë en vername mense van die Jode kla dat die Here aan tafel gaan saam met slegte mense, dan sê die Here-self dat Hy gekom het om te red... die wat verlore gaan. Dan hoor ons sy troosvolle woord: die gesondes het die Geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is. Die Geneesheer hoort by die siekes en die siekes by hom.

Nou is jy ongesteld en jy behoort by Hom. Hy het ook in jou gekom, want jy is ongesteld. Hy het ook vir **jou** gely en gesterwe. Hy wil jou ook genees. Die Geneesheer gee om vir die ongesteldes. Hy gee ook om vir jou. Jy kan dit maar aanvaar, want dit is waar. Die Here se woord is vol daarvan.

## **Sy groot bemoeienis.**

Lees maar die evangelies deur. Kyk hoe die Here Hom bemoei met die ellendiges. Hy maak bemoeienis met veragte Samaritane; Hy ontferm Hom oor besetenes; Hy genees krankes en maak melaatses gesond; Hy laat dowes hoor, blindes sien en stommes praat. Hy troos weduwees en wek dooies op. Hy slaan selfs kindertjies gade.

Hy wil Hom ook met jou besig hou, al is jy hoe sleg en hoe sondig, Hy wil met jou onder dak gaan en met jou verkeer. Ook jy is uitgenooi na die bruilof. Lees nou die gelykenis van die bruilof in Mattheus 22. Daar sien jy hoe goeies en slegtes by die kruispaaie gaan haal word. Al is jy dit nie werd nie, Hy wil jou waardig ag. Niemand van ons is dit werd nie. Die Here vra nie hoe lyk ons klere nie, maar of daar hartseer is oor ons sondes. Die Here het ook nie lus in jou dood nie, maar dat jy jou bekeer en lewe deur sy genade.

Die Here het 'n woord van genade vir 'n owerspelige vrou; Hy het 'n woord van vergifnis vir 'n sondares. Hy het ook 'n woord van genade vir jou. Buig jou voor Hom neer en ween oor jou sonde aan sy voete en waarlik jou hart sal blymoedig sing: "Al is ek arm, ellendig, Hy dink aan my bestendig, Hy is die HEER by wie daar redding is vir my. U's tot my hulp naby My God, vertoef tog nie!"

**R. S. J. van Wyk.**

# ***EK KAN NIE HUIGEL NIE***

Ja, dit is so. U is heeltemal reg. 'n Mens mag nie huigel nie. Huigelaars mag miskien hulle medemens bluf, maar God kan hulle nie bluf nie. U laat u ook nie bluf nie.

## **Huigelaars doen sonde.**

Moontlik het u reg om 'n huigelaar te verag en te vermy. Dit is tog sonde wat hy doen. Daardeur maak hy van homself 'n fariseër. En fariseërs is witgepleisterde grafte, van binne vol doodsbeendere. Dit wil u nie graag wees nie. U wil nie in daardie sonde verval nie.

## **Die deug van eerlikheid.**

U lewensleuse is: wees in alles eerlik! Dit is seker die rede waarom u so gewild is in die samelewing. Die mense weet waar hulle met u staan. Hulle weet wat hulle aan u het.

As u lus het vir 'n drankie, of u is lus vir plesier, gaan u nie 'n vroom gesig opsit en maak asof u glad nie van so iets hou nie. U kan net nie huigel nie! Dit is die rede vir u gewildheid. Of ... is dit dalk die rede waarom u nie gewild is nie?

Die huigelaars meen u is te reguit. Vir die mensdom is u te eerlik om gewild te wees! Hoe ook al, daaraan wil u nie graag verander nie. Daardie lewensleuse is te sterk in u ingewortel om daarmee weg te doen.

## **Die kerk vol huigelaars?**

Dit is natuurlik die groot rede waarom u met die kerk gebreek het. Ander noem u 'n afgedwaalde. U weet beter: die kerk is vol huigelaars. Kyk maar na Piet of Klaas of Sannie. Dit gaan u verstand te bowe dat hulle nog met vroom gesigte in die kerk kan sit, terwyl hulle lewens vol van duiwelswerke is.

Ou Koos kan ook maar die kat goed in die donker knyp en Hans, in die ouderlingbank, gaan nou wel nie die kroeg binne nie, maar kyk hoe agteraf is hy: sy drank word so stil-stil vir hom tuis afgelewer.

## **Liewer nie nog 'n huigelaar nie.**

Ja, hoeveel voorbeelde kan daar nie nog genoem word nie. Dit is daarom dat u weggebreek het! U eerlikheid maak dat u doen waarvoor u lus het. U eerlikheid maak dat u nie meer lidmaat van die kerk is nie. U eerlikheid maak dat u nie die kerk besoek nie, want dit sou beteken dat daar nog 'n huigelaar bykom.

Dit is tog veel beter om 'n eerlike lewe te lei buite die kerk, as om binne die kerk te wees, maar dan voor God as huigelaar en fariseër bevind te word. Daarom dien u God by die huis. U dien Hom in die binnekamer. U doen dit wanneer u so voel. U gaan ook nie in die binnekamer huigel nie.

## **Wie is die fariseër?**

Daar is egter 'n vraag wat ek wil vra: u skram so weg om as fariseër voor God en mens beskou te word, maar maak u houding nie juis van u 'n fariseër nie? Voordat u daarop antwoord, laat ons volgens die Skrif daarop let wat 'n fariseër is.

Die fariseërs in Jesus se dae was mense wat geroem het op goeie werke. Dit was mense wat hul saligheid wou koop met hulle dade. Hulle het nie daaraan gedink dat God se genade vir hulle nodig is nie. Hulle wou nie uit genade die saligheid beërwe nie. Daarom het hulle Jesus Christus verwerp — Jesus wat juis die genade gebring het.

En u?

U meen dat dit u lewensleuse is wat vir u 'n plekkie in die hart van God sal verower! U eerlikheid! Dus roem U ook op goeie werke. Daarmee wil u die saligheid koop.

### **Wat van die genade?**

Waar kom die genade in u lewe te pas? Waar vind Jesus Christus 'n plek? U hou nie van skynvroomheid nie. Dit is reg. U skram egter ook weg van die genadelewe wat God in Christus aanbied. U skram weg van die kerk. U skram weg van die erediens waar die onverdiende genade u toegesê word. U meen om daarsonder te kan lewe! Dit maak van u 'n fariseër!

**En nou mag die mense wat u as huigelaars en fariseërs beskou, wel huigelaars en fariseërs wees. Daaroor gaan ek nie oordeel nie. Hulle soek egter die gemeenskap met God. Hulle gaan kerk toe om die genadeprediking te hoor. Hulle verkeer onder die geklank van Gods Woord, sodat hulle die genade van God mag ontvang.**

Dit is wat u ook nodig het! Die genade van God! Dink daaroor na en roep soos die tollenaar in die tempel:

"O God, wees my, sondaar, genadig."

**J. v.d. Walt.**

# *Op vlug voor God in onverskilligheid ?*

Waar gaan jy so haastig heen, my vriend?

Jy sê jy gee nie juis om waarheen jy gaan nie... net solank jy kan wegkom van die kerk wat vir jou soos 'n benoude tronk geword het... net solank jy uit die pad van die ampsdraers van die kerk kan bly. Hulle het vir jou simbole geword van tronkbewaarders. Jy wil eintlik loskom van God wat sulke onregverdige eise aan 'n mens stel.

Jy wil vry wees — ongebonde. Jy wil die lewe geniet. 'n Mens leef tog maar net één maal. As jy aan 'n kerk verbonde is, kan 'n mens jou nie uitleef nie. Dit is net 'n plek vir bekromptes en Godsdiens is net vir die skynheiliges. Jy is ook nie van daardie soort wat hulle steur aan sedes en gewoontes en eise van die Bybel nie. Nou vlug jy maar.

Jy het die predikant en die ouderling uit jou huis gejaag en hulle goed laat verstaan dat hulle nie weer jou tyd moet kom mors nie. As hulle weer by jou kom, slaan jy die deur in hulle gesigte toe. Hulle irriteer jou. Jy stel nie in die minste in hulle sedeprekië belang nie. Jy het die kerk bedank en nou is jy darem ontslae van die ou spul. Só skud jy jou agtervolgers een na die ander van jou af.

Nou slaap jy Sondagoggende lekker laat. Die res van die dag bring jy rustig by jou huis deur, of jy ry heerlik rond op soek na pret en plesier en ontspanning op allerlei wyses en allerlei plekke.

Gedurende die week vind jy jou ontvlugting in jou daaglikse werk. Saans skep ook nie 'n probleem vir uitlewing van jou polsende en bruisende drange nie. Die duisternis van die nag bedek jou. Jy lag en jy spot en jy vloek en jy vertel afstootlike grappe. Die lewe is mooi. Dit lok en dit wink. Sonder God is daar geen stryd en geen inspanning nie. Jy is vry, ongebonde en jy drink en drink uit die vol beker van genot wat die lewe sonder God jou bied.

Intussen het die gebed op jou lippe gesterf en jou Bybel lê toe onder 'n dik laag stof. So probeer jy God se mond snoer. So probeer jy God in die kerk en die hemel toesluit. So probeer jy God en sy kerk van jou lyf af hou. En jy gaan van kwaad tot... erger! Voordat jy verder vlug, my haastige vriend, wil ek jou net die volgende vir oordenking saamgee:

"Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind." (Matt. 7 : 13-14). Twee maniere van lewe op aarde: sonder God, of ... met God.

Twee paaie: die een die weg van die minste weerstand, die ander die weg van stryd en inspanning; die een is die pad van die satan en die ander die pad van God; die een op vlug van God, die ander in gemeenskap en verbondenheid aan God.

Daar is net twee paaie waarop 'n mens op aarde kan loop, my vriend. Die een waarop die hitte van God se toorn brand soos 'n verterende vuur en die ander in die koelte van die gemeenskap met God deur die soenverdienste van Jesus Christus.

Jy sê jy ken albei hierdie paaie en ook hul eindbestemmings? Jy weet dus: jy stap met jou oop oë die ewige verderf in! Dit is juis die verskriklike. As jy dit maar in onwetenskap gedoen het, maar jy ken die Woord van God en sy eise! Daar is dus nie vir jou verskoning nie. Jy vlug in jou onverskilligheid al verder en verder van God weg.

Het jy gedink jy kan God ontvlug soos vir 'n mens? God sien, my vriend. God sien vir jou.



Vir God kan jy jou nie verberg nie. God is alomteenwoordig. God is alwetend. Die psalmdigter van ouds het reeds gesê:

"Waar sou ek heengaan van u Gees  
en waarheen vlug van u aangesig?

Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar!

Neem ek die vleuels van die dageraad, gaan ek by die uiteinde van die see woon,  
ook daar sou u hand my lei en u  
regterhand my vashou."

(Ps. 139:7-10)

Vergeet maar om God te probeer ontvlug! Wat staan jou dan te doen? Keer terug na God, na die Bybel, na die gebed en die kerk. Slegs in die gemeenskap en verbondenheid aan God sal jy dié LEWE vind. "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." (Joh. 3:16). Aanvaar die soenverdienste van Jesus Christus. Dit is die lewe. "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." (Matth. 11:28).

Gaan jy nog verder vlug, my vriend?

**J. H. Coetzee.**

<b>Nr. 50</b>	So staan dit op ons voorblad. Vyftig keer het ons reeds die kruik van God se liefde oor u omgekeer om te oorgiet met sy blye evangelie. Vyftig keer het ons u toegeroep: Kom na die waters! Het u al geantwoord?
---------------	---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

"Julle jaag die mense van die kerk af weg met julle kerklike tug of sensuur".

# Onder Sensuur

Dit is 'n uitspraak aan kerkrade en kerkraadslede wat nogal dikwels gehoor word.

Volgens baie is die uitoefening van die kerklike tug niks anders as 'n gerieflike, maar terselfdertyd koue en liefdelose optrede van 'n klompie hoog hartige mense nie. Hulle wil daardeur ontslae raak van lastige lidmate, of lidmate waarvan hulle nie hou nie, of lidmate wat nie wil maak soos hulle sê nie. Daarom is die kerklike tug of sensuur in hulle oë eintlik 'n onchristelike ding.

Wie so dink, weet nie waarom die kerklike tug gaan nie. *In die kerklike tug kry ons te doen met die mens se antwoord op God se liefdesaanbod van redding en ewige verlossing in Christus Jesus.* Daarom word die wese van die kerk\* like tug eintlik saamgevat in die woorde van die apostel Paulus in 1 Kor. 16:22:

"As iemand die Here Jesus Christus nie liefhet nie, laat hom 'n vervloeking wees."

Christus het deur sy soenverdienste in liefde sy hande na ons, verlore gaande sondaars, uitgesteek om ons te red. Nou verwag, ja, eis Hy van ons dat ons in wederliefde daarop moet antwoord deur sy reddingsdaad om ons ontwil in geloof en liefde aan te neem.

As ons hierdie onbeskryflik grote liefde van Hom tot ons gaan ignoreer of roekeloos gaan wegklap, dan is ons volgens Paulus vervloektes op wie die ewige oordeel van God wag. En aangesien die kerk nou die liggaam van Christus is waarin daar slegs plek is vir hulle wat Hom waarlik liefhet, moet dié wat Hom nie liefhet nie en op wie God se vervloeking derhalwe rus, ook uit die kerk geweer word. **Dit word gedoen deur die kerklike tug of sensuur.** So tree die volgende bevel van die Here deur sy apostel in werking: **"Verwyder tog dié slegte mens onder julle uit."** (1 Kor. 5:13).

Die kerklike tug word dus toegepas op mense wat die Here Jesus Christus nie liefhet nie. (Vgl. 1 Kor. 16:22). Nou kan daar miskien gevra word: maar hoe weet ons dat bepaalde persone die Here Jesus Christus nie liefhet nie? Die antwoord op hierdie vraag word glashelder en duidelik aan ons gegee deur Jesus Christus-self as Hy sê: **"As julle My liefhet, bewaar my gebooië."** (Joh. 14:15). Dit kom dus eenvoudig daarop neer dat of ons die Here Jesus liefhet of nie, daaruit sal blyk of ons sy gebooië bewaar en daarvolgens lewe of nie.

Dit beteken egter nie dat as 'n persoon in 'n oomblik van swakheid die gebooië van die Here oortree en in die sonde val, hy dan direk onder die kerklike tug kom nie. Wat in hierdie verband volgens die Skrif van deurslaggewende belang is, is die **gesindheid** van 'n persoon by die pleeg van 'n sondedaad.

As 'n persoon sonde gedoen het en dan daarna van harte berou daarvoor het, dit voor die Here bely en hom voorneem om met alle mag te stry om nooit weer die sonde te doen nie, dan kan hy daarvan seker wees dat die Here sy sondes volkome vergewe het — dan is hy nie voor die Here 'n vervloeking nie en mag die kerklike tug ook nie op hom toegepas word nie.

Ons weet dat iemand wat met 'n gebroke en verslae hart na die Here gaan, van Hom volkome

vergewing van sondes ontvang. As God vergewe, wie is die kerk of die kerkmense dat hulle sou weier om te vergewe? Wie kom dan wel onder sensuur? **Die tug of sensuur word toegepas op hulle wat van hulle sondes nie wil afsien nie, maar daarin volhard.**

Die **hardnekkige** sondaar kom dus onder sensuur — hy wat in onbekeerlikheid en onboetvaardigheid volhard; hy of sy wat na al die vermanings nie wil luister nie, maar aanhou om te doen wat verkeerd is in die oë van die Here; hy of sy wat aanhou om te toon dat hulle die Here Jesus Christus nie liefhet nie en sy gebooie derhalwe ook nie bewaar nie.

Van elke sodanige persoon geld die woorde van die apostel Paulus: "**laat hom 'n vervloeking wees.**" Dit beteken dat so 'n persoon beskou moet word as een op wie die vloek en oordeel van God rus. Die vloek en oordeel van God op sodanige persoon kom onder andere in die toepassing van die kerklike tug tot openbaring.

Nou het die kerklike tug egter nie net 'n negatiewe doel, naamlik om mense wat in hulle sondes volhard uit die kerk en uit die koninkryk van God, uit te sluit nie. Nee, dit het **ook 'n positiewe doel**, naamlik om die betrokke persoon tot insig te bring oor watter vreeslike toestand hy of sy verkeer. Dit dien om so 'n persoon te laat sien dat die vloek en oordeel van God op hom rus, sodat hy hom van sy sondes kan bekeer om weer genade en vergewing van sondes by God te vind.

Net soos 'n ouer sy kind wat verkeerd gedoen het, nié tug met die doel om die kind weg te jaag nie, maar om die kind in liefde juis daartoe te bring om die verkeerde dinge na te laat en die goeie te doen, so wil die kerklike tug mense in liefde ook daartoe bring om af te sien van hulle sondes en vergewing daarvoor by Christus te soek, sodat die vloek van God nie op hulle rus en sy oordeel nie hulle deel word nie.

As u dus te doen kry met die kerklike tug of sensuur in een of ander vorm — al is dit in die vorm van vermanings — moet u nie verhard en verbitterd antwoord: “Skrap my as lidmaat van die kerk! Ek bedank!” nie. Nee, let dan op hoe God met u besig is. Hy bemoei Hom deur sy ampsdraers nog met u. Hy wil u uit die sondige lewe uittrek, sodat sy oordeel en vloek nie ewig u deel word nie.

Luister dan en bekeer u! God roep u ook op dié wyse: "Keer terug na My!" Gaan bely u sondes voor die Here. Lewe weer in liefde tot Jesus Christus in gehoorsaamheid aan sy gebooie. As u u tot Hom bekeer, wees dan verseker dat die vloek wat vanweë u sondes op u self gerus het, deur Hom vir u gedra is in sy borgtog-lyde en soenverdienste aan die kruis.

As u ook deur die kerklike tug so tot bekering gebring word, sal u nie net die vreeslike uitspraak: "As iemand die Here Jesus Christus nie liefhet nie, laat hom 'n vervloeking wees", hoor nie, maar dan sal 'n ander heerlike, troosvolle uitspraak uit God se Woord u hart verbly: "Daar is dan nou geen veroordeling meer vir die wat in Christus Jesus is nie." (Rom. 8:1).

**P. J. de Bruyn.**